

HOOFSTUK 3

PROBLEMATIEK MET BETREKKING TOT DIE SOSIALISERING VAN DIE KIND IN DIE KINDERWETSKOOL: Vóór EN Ná KOMMITTERING

3.1 Inleiding

Die mens is 'n sosiale wese en moet vanaf geboorte met ander mense saamlewe. Ten tweede is die mens vanaf babajare besig om homself by sy omgewing en by ander mense aan te pas en om die omgewing te manipuleer om by hom aan te pas.

Omdat die kind in die kinderwetskool besondere probleme ervaar het betreffende die opvoeding in die ouerhuis voor kommittering, kan verwag word dat daar ook besondere behoeftes en probleme aangaande sy sosialisering na vore sal kom. Hierdie hoofstuk is aangesny met die doel om probleme wat normale sosialisering tuis gestrem en selfs belemmer het, van nader te beskou en 'n beeld te gee van die leerling soos hy is as hy tot die skool toegelaat word.

Hier sal daarom veral aandag gegee word aan sosiale aanpassing van die ontwikkelende kind (wat bekend staan as sosialisering), die taak van die gesin met betrekking tot die sosialisering van die kind sowel as spesifieke sosialiseringsfunksies binne die gesinstruktuur. Daar sal ook gekyk word na die sosiale waardesisteen en normstruktuur waaraan die sosialisering gemeet word.

Verder sal maatskaplike en sosiale problematiek wat die sosialisering van kinders belemmer onder die soeklig kom. Aangesien hierdie navorsing oor pedagogies verwaarloosde kinders in kinderwetskole gaan, sal spesiaal verwys word na problematiek met betrekking tot die sosialisering van hierdie kinders, voordat hulle gekommitteer word, asook na enkele probleme wat manifesteer na toelating tot die kinderwetskool.

3.2 Sosialisering

Sosialisering is die proses waardeur individue leer om lewensvatbare lede van

die sosiale groep waarin hulle lewe te word. Dit begin normaalweg net na geboorte en duur dwarsdeur die lewe. Dit is 'n kontinuu proses (Wiggins, 1970 : 172).

Krech et al (1969 : 741) definieer sosialisering as die proses waardeur menslike gedrag beïnvloed en beheer word deur sosiaalgeoriënteerde faktore.

Hurlock (1967 : 117) meen dat sosialisering 'n breë term is vir die hele proses waardeur die individu, wat met 'n enorme wye spektrum van gedragspotensialiteite gebore word, gelei word om aktiewe gedragspatrone te volg, wat vir hom aanvaarbaar is en in ooreenstemming is met die standaarde van die groep, maar wat tot 'n baie kleiner omvang beperk is.

Verder sê Hurlock (1967 : 118) dat sosialisering drie vername komponente behels, naamlik, die individu moet behoorlike gedrag aanleer; hy moet leer om die sosiale rol te vertolk wat die groep aan hom voorskryf en hy moet sosiale houdings aankweek wat sal lei tot aanvaarbare gedrag.

Die sosiale sukses of gesosialiseerdheid van die adolessent word dikwels in die skool gemeet aan sy betrokkenheid by sosiale aktiwiteite; hoe meer betrokke, hoe beter verloop die sosialiseringsproses. Dit kan egter gebeur dat hy deur fisiese gebrek of menigvuldige take tuis verhinder word om bedrywig te wees op sosiale gebied in die skool, wat dan geensins beteken dat hy sosiaal swak aangepas is nie.

Omdat die kind in die kinderwetskool vir die grootste deel van sy adolessente jare by die skool betrokke is, is dit vanselfsprekend dat die skool 'n belangrike bydrae te lewer het met betrekking tot die sosialisering van die kind of te wel die sosiopedagogiese vorming van die adolessent.

Die sosialisering van die kind in die kinderwetskool behels nog meer as wat hierbo beskrywe is. Voordat behoorlike, aanvaarbare gedrag aangeleer kan word, moet daar dikwels eers van onaanvaarbare gedragswyses ontslae geraak word — gedragswyses wat vóór kommittering deur gebrekkige of wansosialisering aangeleer is. Sosialisering in die kinderwetskool impliseer desosialisering gevolg deur of gepaardgaande met hersosialisering.

3.3 Die sosiopedagogiese betekenis van die christelike gesin vir die kind

Die gesin is die kleinste en hegte samelewingseenheid wat in enige gemeenskap aangetref word. Dit het 'n biologiese oorsprong en die sosiale aanpassing wat die kind in gesinsverband ondergaan, is fundamenteel aan alle opvoeding. Goode (1964 : 1) beskryf die sosiopedagogiese taak van die gesin soos volg: "In all known societies almost everyone lives his life enmeshed in a network of family rights and obligations called role relations. A person is made aware of his role relations through a long period of socialization during his childhood, a process in which he learns how others in his family expect him to behave, and in which he himself comes to feel this is both the right and desirable way to act."

Die huisgesin is nie 'n skepping van die mens nie. Dit is ingestel deur God self. Reeds in die tweede hoofstuk van die Skrif (Gen. 2 : 24) sê God: "Daarom sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees." Hierin word die hegte eenheid van die gesin beklemtoon asook die vrugbaarheid binne die huwelik om kinders voort te bring sodat man, vrou en kinders 'n eie gesin kan vorm. In Spreuke 1 : 8 word die opvoedingsfunksie van die gesin duidelik gestel: "My seun luister na die tug van jou vader en verwerp die onderwysing van jou moeder nie."

Kroeze (1983 : 1) wys daarop dat die seuns van Job as volwasse mans met eie huise nog die gesinsbande met broers en susters in ere gehou het, deur saam maaltye te hou waarheen ook hulle susters genooi was.

Die betekenis van die christelike gesin moet dan ook gesoek word in die intuitiewe eenheid van die gesin wat ouers en kinders onvervreembaar verbind. Die mens as gemeenskapswese het 'n ingebore behoefte om in 'n besonderse verhouding tot sy familieleden te staan en om 'n plek te hê waar hy tuis hoort.

Die gesinslewe bied aan die kind die natuurlike agtergrond en bevredigingsmoontlikhede van sy aangebore behoeftes. Dit beteken egter nie dat die kind normaal sal ontwikkel net omdat hy lid is van 'n gesin nie — daarvan getuig die talle kinders in inrigtings wie se ouerhuise nog volledig is. Die gesin het be-

paalde funksies en daar word spesifieke eise aan die ouerhuis gestel om normale groei en ontwikkeling van die kind moontlik te maak.

3.3.1 Die funksies van die gesin

Die gesin vervul basiese en universele funksies in die ontwikkeling van die kind; enkeles waarvan naderby beskou behoort te word.

3.3.1.1 Fisiese versorging

Die kind kom hulpeloos in die wêreld. Die eerste funksie van die moeder is om die kind fisies te versorg. Sy moet sorg dat die kind voldoende en gebalanseerde voeding kry, hom met gepaste klere beskerm teen die natuurelemente en higiënies versorg. Die vader op sy beurt is verantwoordelik om te sorg dat die materiële middele vir die fisieke versorging van die kind tot die moeder se beskikking is. Daarom word tradisioneel aan die moeder gedink in 'n versorgingsrol en aan die vader as die broodwinner van die gesin.

Dit moet hier in gedagte gehou word dat " 'n gebrek aan waarneembare bestaansmiddele" as een van die gronde vir sorgbehoewendheid deur die Kinderwet aangedui word (Kinderwet, 1960, art. 1(xxxv) : 6).

Gebrekkige fisiese versorging kan nie alleen aanleiding gee tot liggaamlike gebreke soos wanvoeding, ondervoeding en blootstelling aan siektetoestande nie, maar kan ook lei tot gevoelens van minderwaardigheid. Strydom (1973 : 25) meen dat dit 'n vereiste is dat in die ouerhuis op bevredigende wyse aan die fisieke en materiële behoeftes van die kind voldoen moet word om hom in staat te stel om die omgewing buite sy ouerhuis sonder minderwaardigheidsgevoelens te beleef, sodat dit nie sy selfbeeld en selfvertroue sal ondermyn nie.

3.3.1.2 Sekuriteit

Benewens die fisiese sekuriteit, wat in die vorige paragraaf beskrywe is, het die jong kind ook behoefte aan psigiese sekuriteit. Die baba het liefde en vertroeteling nodig om in sy emosionele behoeftes te voorsien ten einde later

gesonde persoonlikheidsontwikkeling te verseker. Liefdevolle vertroeteling ontwikkel by die kind 'n gevoel van veiligheid. Wanneer die kind ouer word is dit steeds nodig dat daar warmte gevoelsverhoudinge met die huisgenote sal bestaan wat die kind sal laat voel dat hy iewers behoort en dat daar mense is wat vir hom omgee. 'n Liefdevolle huislike atmosfeer bied optimale groei-ruimte wat tot 'n welwillende houding teenoor en gemaklike verkeer met medemense lei (Coetzee, 1983 : 206).

Brand en Hanekom (1984 : 518) het bevind dat kinders wat in kinderinrigtings beland dikwels in hul vroeëre lewe hierdie noodsaaklike, liefdevolle verhouding met gesinslede moet ontbeër en dat dit as oorsaak gesien kan word van die hoë vlak van algemene angs wat by hierdie kinders teenwoordig is. Ook in hierdie navorsing is 'n hoë vlak van algemene angs by die toetslinge by toelating gevind (kyk par. 7.4).

3.3.1.3 Sosialiseringsfunksie

Die mens is 'n sosiale wese en word eers werklik volle mens in sy verhouding tot ander mense. Vir die suksesvolle vervulling van die funksie van sosialisering, dit wil sê vir doeltreffende, bevredigende sosiale wisselwerking en persoonlikheids groei van die kinders, is doeltreffende kommunikasie binne die gesinskring noodsaaklik en daarom moet die ouers hulle kinders hierin voorgaan. Elke lid van die gesin behoort die vrymoedigheid te hê om sy gedagtes en gevoelens uit te spreek, al is hulle negatief (Venter, 1983 : 225). Die verhouding tussen man, vrou en kinders moet met die minimum funksionele wrywing verloop om effektiewe en spontane sosiale vorming van die kinders te verseker.

Elke persoon in 'n gesin en elke gesin op sigself is uniek. 'n Gesin kan ook gekarakteriseer word as 'n groeiende, dinamiese organisme wat saamgestel is uit individuele aanpasbare lede. Die gesin speel 'n uiters belangrike rol in die vorming van die kinders vir die hede sowel as die toekoms. Daarom is dit noodsaaklik dat die gesinslede voorsiening moet maak vir emosionele, geestelike, intellektuele en sosiale geleenthede in die ontwikkelingsgang van die jong kinders; ook met die oog op die ontplooiing van die eie identiteit van die kind. Hierdeur word die kind dan deur die wisselwerkings tussen die gesinslede en

die benutting van geleenthede geleë tot ryping en uiteindelik die suksesvolle vervulling van sy geslagsrolle as jongmens en volwassene (Neuhaus, 1974 : 1).

Wanneer die kinders adolessensie bereik, is dit noodsaaklik dat daar kongruensie moet wees in interpersoonlike sienings van die adolessent en die ouer (Faw en Goldsmith, 1980 : 553). As die adolessent homself anders sien as wat hy dink die ouer hom sien, glo hy dat hy nie deur die ouer verstaan word nie en lei dit tot probleemgedrag by die kind wat die sosialiseringfunksie van die gesin belemmer. Ooreenkomstig in die begrip van die ouer van sy adolessente kind en die selfbegrip van die kind is afhanklik van goeie kommunikasie tussen die gesinslede soos beklemtoon aan die begin van hierdie paragraaf. Die kind moet in sy omgang met mense daaglik 'n verskeidenheid van interpersoonlike rolle so bevredigend as moontlik ervaar. Die gesin bied aan die kind die geleentheid om in intiemer en meer beskermde omstandighede die sosialiseringrol aan te leer ten einde dit later te kan toepas in die meer komplekse en veeleisende sosiale strukture van die gemeenskap. Die gesinslewe vorm dus 'n belangrike sosiale brug na die buitewêreld (Conradie, 1983 : 25).

Die sosialiseringfunksie in die gesin het 'n tweeledige doel: ener syds die voortplanting van kennis, gewoontes, waardes en tradisies van die gemeenskap en van die volk; en andersyds die ontwikkeling van 'n persoonlikheid om 'n bydrae tot die verdere ontwikkeling van hierdie kennis, waardes en tradisies van die gemeenskap en volk te lewer. Sosialisering is dus ook 'n dinamiese proses wat nie net neerkom op oordraging van sosiale waardes nie, maar ook moet meehelp tot die uitbouing daarvan (Pauw en Van Rooyen, 1960 : 29).

Soos die kind ouer word en die sosialiseringproses uitkring, bring dit mee dat die kind hom moet losmaak uit die gesinskring en toetree tot buitehuislike kringe soos die skool, die kerk en portuurgroepe. Hoe deegliker die sosialiseringfunksie in die kleinkinderjare binne gesinsverband plaasgevind het, hoe makliker sal hierdie proses van emansipasie verloop (Cronjé et al, 1976 : 109).

In hierdie paragraaf is klein getel op sosialisering as funksie van die gesin. Die sosialiseringstaak van die skool word verderaan omskrywe (kyk par. 5.2).

3.3.1.4 Dissiplinêre funksie

Gesag, tug en dissipline is onlosmaakbaar verbonde aan die opvoeding en vorm 'n integrerende deel daarvan. Elke mens, ook die kind, het in sy diepste wese 'n behoefte aan gesag en daarom soek hy daarna om gedissiplineer te word en aanvaar hy gesagsleiding van die ouer.

Die grondslag van gesag, tug en dissipline in die huisgesin berus op liefde tot God en liefde tot die naaste. Sonder ouerlike gesag en dissipline in die huis sal daar chaos heers en van opvoeding sal nie veel tereg kom nie. Tug word gewoonlik gekoppel aan orde omdat dit toegepas word wanneer die orde versteur word, want waar kinders sowel as ouers gedissiplineerd saamwoon, heers in alles orde. Die kind moet geleer word dat reg en geregtigheid steeds in liefde voltrek word. Dit kom van God en staan vas vir ewig, maar moet met liefdevolle gesagleiding aan die kind oorgedra word en nie met geweld afgedwing word nie (Schoeman, 1974 : 22). In die bereiking van hierdie ideaal is die onbesproke voorbeeld van die ouers baie belangrik.

Die uitoefening van gesag alleen, boesem slegs vrees in en bring gevoelens van minderwaardigheid en verwerping mee. Gesag tesame met liefde en regverdigheid daarenteen bring gevoelens van sekuriteit, respek en aanvaarding tuis by die kind (Van Jaarsveld, 1983 : 15).

3.3.1.5 Religieuse en sedelike funksie

Die sedelike opvoeding van die kind is nou verweef met sy godsdienstige opvoeding. Die Woord van God is normatief op alle lewensterreine en daarom ook vir die sedelike opvoeding. Dit is 'n gesinsfunksie om aan die kind tesame met godsdiensoonderrig ook die waarde te leer van sedelike deugde soos naaste-liefde, eerlikheid, waarheid en kuisheid soos aan die mens voorgedra deur die Skrif (Potgieter, 1975 : 331).

Die gemoedsrus wat kennis van God, gebede tot God en sedelikheid volgens die Woord van God bring, tesame met die fisiese beskutting van 'n ouerhuis, gee aan die kind die gevoel van veiligheid en geborgenheid en emosionele sekuriteit wat so noodsaaklik is vir verdere opvoeding van die kind op al die

ander terreine van opvoeding.

Religieuse onderrig begin aan moedersknie waar die eerste gebed geleer word. Dit vind voortsetting in die huisgodsdiens wat gereeld deur die vader vir die hele gesin behoort gehou te word. Die godsdienstige opvoeding en die voorbeeld en gesindhede van die ouers word deur die kinders aanvaar omdat hulle in hulle ouers glo.

3.3.2 Waardes en norme in die christelike huisgesin

In elke huisgesin heers daar waardes en norme wat deur die ouers aan hulle kinders oorgedra word. In die christelike huisgesin is die waardes en norme gebaseer op die Woord van God. Sulke waardes en norme is onveranderlik en lewer nie net 'n bydrae tot die sosialisering van die kind nie, maar ook tot sy sedelike vorming.

3.3.2.1 *Veranderende karakter van waardes en norme*

In teenstelling met waardes en norme wat op die Woord van God rus, het gemeenskapsnorme en waardes geen absolute krag nie en is daarom veranderlik. Die snel veranderende leefwyse van die moderne tyd bring ook verandering in gemeenskapswaardes en -norme mee wat die kind in sy sosiale aanpassing kan verwar. Dit wat hy binne gesinsverband leer, stem dikwels nie ooreen met norme en waardes van sy maats nie. Die psigiese en emosionele sekuriteit wat deur die gesinskring daargestel word, word versteur deur die konflik-situasie wat ontstaan deur teenstrydigheid in die waardes en norme wat sy sosialisering moet rig (Roux, 1974 : 23).

3.3.2.2 *Waardes en norme as rigtinggewers*

Waardes en norme van die gemeenskap dien as riglyne vir sosiaal aanvaarbare gedrag. Dit is die verwysingsraamwerk waaraan die kind sy sosiale aanpassing kan meet; of dit reg of verkeerd is volgens aanvaarde sosiale standaarde (Kilian, 1982 : 121 : 2). Dit dien as rigtinggewers in die proses van sosialisering.

3.3.2.3 Die aanvaarding en verinnerliking van waardes

Die kind in die gesin aanvaar normaalweg die waardes en norme van sy ouers en tree binne gesinsverband daarvolgens op. Wanneer hy emansipeer uit sy ouerhuis na wyer sosiale kringe (speelgroepe, skool, kerk ens.), tree hy nog steeds volgens sy aanvaarde waardes op, maar dit mag in mindere of meerdere mate verskil van die waardes van die groter gemeenskap. Daardie waardes wat op suiwer beginsels gegrond is, hoef nie aangepas te word nie. Die kind mag ervaar dat dit konflik kan veroorsaak, waar hy sy norme moet kan verdedig.

Belangrike norme en waardes moet verinnerlik word, dit wil sê dit moet deel word van sy wese en lewensfilosofie.

Scott (1969 : 226–7) is van mening dat die kleuterskooljare, dit wil sê wanneer die kind nog vir die meeste van die tyd afhanklike gesinslid is, die tyd is waarin verinnerliking van waardes die maklikste geskied. "The nursery school child undergoes dual socialising experiences. The influence of the family system continues while the nursery system may reinforce. Such a child internalize the values."

In paragraaf 3.3.2 hierbo is klem gelê op die fundamentele sosialiseringswaarde van norme en waardes wat die kind in gesinsverband behoort aan te leer. Gemeenskapsnorme en waardes kan verander soos mense se leefwyses verander om tred te hou met die moderne tyd. Waardes wat op vaste lewensbeginsels gegrond is, hoef nie verander te word nie en norme wat op die Woord van God rus, is ewig en onveranderlik. Dit is hierdie waardes en norme wat die sosialisering van die kind rig en dit is hiervolgens dat hy sy sosiale gedrag self kan beoordeel; of dit aanvaarbaar is al dan nie. In die huisgesin waar die basiese sosialiseringfunksies behoorlik vervul word en waar gesonde norme en waardes aan die kind oorgedra word en deur hom verinnerlik word, verloop die sosialisering van die kind suksesvol en word hy sosiaal voorberei vir die breër gemeenskap.

Ongelukkig is dit so dat die kinders van die kinderwetskool nie uit huise kom

wat so harmonieus funksioneer nie. Hulle kom uit gebroke huise en gesinne waar die opvoeding en veral ook die sosiopedagogiese vorming van die kind skeefgetrek is of gebrekkig plaasgevind het. Die kinderswetskool as sosiopedagogiese versorgingsinrigting moet dus die sosialisering van die kind, wat tuis skade gelei het, oorneem.

3.4 Sosiale en maatskaplike probleme wat die sosialisering van die kind belemmer vóór kommittering

Alleen kinders wat ingevolge die Kinderwet (Wet 33 van 1960) sorgbehoewend bevind is, kan tot die kinderswetskool toegelaat word. Die "sorgbehoewende kind" word in die Wet beskryf as 'n kind wat sonder waarneembare bestaans-middele is; wat geen ouer of voog het nie, wat onder die toesig van ouers of voogde is wat nie behoorlike beheer oor hulle kan uitoefen nie of wie se ouers onbevoeg is om beheer oor die kinders uit te oefen as gevolg van finansiële nood, wanbesteding van beskikbare inkomste, dood van een of albei ouers, uitdiening van gevangenisstraf deur een of albei ouers, fisiese of geestelike gestremdheid, lae morele standaarde of onwilligheid om die kind te versorg (Kinderwet 1960, art. xxxv).

Uit bogenoemde blyk duidelik dat kinders wat sorgbehoewend bevind word voor kommittering onder omstandighede verkeer wat nie bevordelik is vir hulle opvoeding nie en dus aan fisiese of geestelike verwaarlosing blootgestel is. Daar sal nou gekyk word na enkele sosiale en maatskaplike faktore wat belemmerend op die opvoeding van die kind inwerk voordat hy na die kinderswetskool verwys word.

3.4.1 Disintegrering van die hegte gesinslewe

In die moderne Westerse samelewing dreig die gesin om as kernsamelewings-eenheid te verbreek en sy belangrike opvoedingsfunksies sal noodwendig daaronder moet ly (Roux, 1974 : 23). Van die Westerse lande was die eg-skeidingsyfer in die sewentigerjare, persentasiegewys in die Republiek van Suid-Afrika die hoogste. Statistiek toon dat een uit elke drie huwelike (33 %) in die land misluk (Pietersen, 1984 : 15). Die aantal sorgbehoewendbevindings

het ook in die afgelope jare vermeerder. In 1980 is 2828 kinders sorgbehoewend bevind, in 1981 is die getal 3135 en in 1982 is die totaal 4002 kinders. Al hierdie kinders is in pleegsorg, in kinderhuise of in kinderskole geplaas (Statistiek : Departement Welsyn en Pensioene, kyk tabel 1.1). Persentasiegewys was dit 'n toename in sorgbehoewendbevinding van 10,6% in 1982/83 en 27,6% in 1983/84.

Uit bostaande is dit duidelik dat die hegte gesinslewe in Suid-Afrika besig is om te degenerer en dat die gesinsfunksies nie meer doeltreffend geskied nie.

3.4.1.1 Die versnelde lewenstempo

Daar bestaan 'n geneigdheid om aan die gesinstruktuur te dink as 'n stabiele of statiese eenheid. Maar die gesin is vandag veel eerder 'n dinamiese samelewingsvorm. Veral 'n gesin met volwasse-wordende kinders ondergaan voortdurende funksionele veranderings, eendersyds omdat die lede van die gesin deur verskillende lewenstydperke gaan en andersyds omdat die gesin van buite beïnvloed word deur 'n maatskappy wat snel verander. "Die snelle verandering is 'n maatskaplike krag wat kortstondigheid, onbestendigheid en verganklikheid teweegbring en wat ons persoonlike lewens intens beïnvloed (byvoorbeeld in 'n versnelde lewenstempo en in belewing van die wêreld om ons) sodat die individu nie meer toereikend in die samelewing kan funksioneer nie, en ook nie meer toereikend met sy medemens kan kommunikeer nie." (Pretorius, 1981 : 46, 121).

Dit is veral die gesin in die stad wat die meeste getref word deur die versnelde lewenstempo. Die vader se werk is gewoonlik in die sakegebied en meestal ver van die huis af, gevolglik is sy tyd by die gesin beperk tot hoogstens saans en oor naweke. As die moeder werk, is dit met haar ook nie anders gesteld nie. Die kinders wat reeds skool bywoon se tyd word namiddag en soms ook in die aand in beslag geneem deur na-uurse programme van die skool. Die tyd van saamwees wanneer die gesinsfunksies tot sy reg kan kom, word in toenemende mate minder. Die hedendaagse ouerhuis word soos 'n losieshuis waar elkeen kom en gaan volgens sy verpligtinge in die wyer gemeenskap (Vorster, 1976 : 12-13).

3.4.1.2 Beroepsarbeid van die moeder

Verdere inbreuk op die tyd van saamwees van die gesin word gemaak as die moeder werk en van soggens vroeg tot laat in die namiddag van die huis afwesig is. Dit word vererger as die skoolgaande kinders smiddae tuis kom in die afwesigheid van albei ouers en dan sonder toesig is totdat die ouers laatnamiddag tuis kom.

Pretorius (1981 : 143) meen dat daar wesenlik kan sprake wees van gesins-onvolledigheid waar 'n moeder van agtuur in die oggend tot vyfuur in die namiddag werk. Dit is wel so dat waar die moeder geld verdien die kinders materiel beter versorg kan word, maar die vraag is of die affektiewe en pedagogiese versorging wat in die proses skade ly nie van meer belang is nie.

Dit is ook waar dat steeds stygende lewenskoste baie moeders verplig om beroepsarbeid te verrig, maar dan is daar ook die moeders wat gaan werk net om 'n beter huis, mooier meubels of 'n weelderiger motor te kan bekostig.

Die kind kan die moeder se afwesigheid beleef as onverskilligheid, ongevoelheid en nie-aanvaarding (Pretorius, 1981 : 143). "A conscientious mother does not lightly undertake going out to work. If compelled to do so, she will arrange to leave her children of preschool age at a creche or in charge of a responsible person. But it is common experience to find a mother underestimating the traumatic effect of her daily absence from home on her school-going children." (Mirvish, 1970 : 189).

Uit die persoonlike leërs van die kinders in die kinderwetskool kom dit dikwels aan die lig dat die onreëlmatighede wat aanleiding gegee het tot hul verwydering uit die gesin, juis plaasgevind het toe hulle alleen by die huis was (of moes gewees het) terwyl die ouers nog by die werk was.

3.4.1.3 Sosiale verpligtinge van ouers

Daar is reeds daarop gewys dat die woonplek en werkplek vir veral die stedelike gesinne twee leefwêreldes geword het. Die ouers het ook nog 'n derde leef-

wêreld, nl. sosiale verpligtinge en ontspanning. Baie van die jonger ouers neem aan georganiseerde sport deel, wat meebring dat hulle ook nog na werksure en oor naweke vir lang tye van die res van die gesin verwyder is (Van Zyl, 1975 : 162). Meyer (1967 : 34) sê dit is asof die hedendaagse mens vasgevang is in 'n dolle gejaagdheid van vergaderings, afsprake en ander sosiale bedrywighede wat sy lewe so in beslag neem dat daar nie meer tyd is vir 'n hegte gesinslewe nie.

Die verbrokkeling van die gesinslewe is beslis 'n hydraende faktor tot die sorg-behoewendbevinding van baie kinders wat in die kinderwetskool beland. Omdat die gesin nie meer georganiseerd funksioneer nie en die basiese opvoedings-funksies nie tot hul reg kom nie, loop die sosialiseringproses skeef en maak die kind hom maklik skuldig aan onaanvaarbare gedrag, veral as die toesig ook nog onvoldoende is as gevolg van die uithuisigheid van die ouers.

3.4.2 Kerkvervreemding van ouers

Jonker (1969 : 120) het bevind dat 35,2% van die ouers van 'n proefgroep bestaande uit leerlinge in kinderwetskole nooit enige kerkdienste bygewoon het nie. Tien jaar later het Van Rooyen (1979 : 84) bevind dat 44% van 'n proefgroep van 200 gesinne van kinderwetskooldogters nooit eredienste bygewoon het nie, terwyl 33,5% dienste ongereeld bygewoon het en 'n skrale 5% eredienste gereeld bygewoon het. Derduisende kinders is vir hulle godsdienstige opvoeding uitsluitlik op die skool aangewys.

Binding met die kerk en kerkmeelewing lewer 'n groot bydrae tot die doeltreffende sosialisering van die kind. Kerkvervreemding soos weerspieël uit die statistiek van die voorafgaande paragrawe, beteken per sé die afwesigheid van Skrifgefundeerde sedelike norme en die invloed daarvan op die sosio-pedagogiese vorming van die kind.

3.4.2.1 *Geen doop of nie-nakoming van die doopbelofte*

Met die doopbelofte onderneem die ouers om hul kinders "in die vrese van die Here te onderrig of te laat onderrig".

Talle ouers maak staat op die kerk en die skool om hulle kinders godsdienstig te onderrig, maar kom nie self hulle onderneming van die doopbelofte na nie; ook nie deur hulle voorbeeld nie, omdat hulle eie kerkbesoek nie na wense is nie (Schutte en Scholtz, 1975 : 27).

Heelwat kinders word ook nie meer deur hulle ouers ten doop gehou nie. Jaarliks word groot getalle nywerheidskoolleerlinge gedoop gelyktydig met die aflegging van geloofsbelydenis, omdat hulle ouers in gebreke gebly het om hulle klein te laat doop.

3.4.2.2 Geen kategetiese onderrig

In 'n ondersoek het Van Rooyen (1979 : 84) bevind dat uit 'n proefgroep van 200 gesinne slegs by 8,5% van die gesinne die kinders gereeld kategeseklasse bygewoon het; by 19% van die gesinne het die kinders kategeseklasse ongereeld bygewoon, terwyl 55% van die gesinne se kinders nooit kategetiese onderrig ontvang het voordat hulle as adolessente in die kinderwetskool geplaas is nie. (Volledigheidshalwe moet genoem word dat in die aangehaalde ondersoek 17,5% van die ouers en kinders se kerkbywoning en kategetiese onderrig nie vasgestel kon word nie.)

Dit is nog steeds die ondervinding in die meerderheid van die kinderwetskole (indien nie in almal nie) dat die meeste kinders vir die eerste keer gereelde kategetiese onderrig ontvang nadat hulle tot die kinderwetskool toegelaat is.

"Waar dit afgekondigde nasionale beleid is dat die opvoeding in skole christelik sal wees in die Republiek van Suid-Afrika, is dit duidelik dat die opvoeding van die kinderwetskool wel deeglik die morele opvoeding van die kind aan die religieuse sal koppel. Hierdie behoefte is by die pedagogies verwaarloosde kind soveel groter en was nog altyd by die taakopdrag van die kinderwetskool aangesny." (Departement Nasionale Opvoeding : Professionele handleiding : 13)

3.4.3 Drankmisbruik van ouers

Drank word misbruik wanneer dit nie meer op 'n matige nie, maar wel op 'n onbeheerde en onbeheersde wyse sonder gesonde oordeel gebruik word, sodat dit nadelige gevolge meebring vir die drinker self, die persone met wie hy intiem saamleef (gesinslede) sowel as mense met wie hy in die gemeenskap saam werk en leef. Die klem val dus nie so seer op die hoeveelheid drank en die reëlmatigheid waarmee gedrink word nie, maar eerder op die gevolge of uitwerking daarvan op die drinker self sowel as die mense met wie hy affilieer (Cronje en Van der Walt, 1978 : 217).

3.4.3.1 Die omvang van drankmisbruik by die ouers

Verskeie ondersoekers het bevind dat drankmisbruik in 'n onrusbarende mate voorkom by ouers van sorgbehoewende kinders. Strydom en Smith (RGN-verslag S-30, 1974 : 59) het bevind dat meer as tagtig persent van die ondersoekgroep van 131 sorgbehoewende kinders op een of ander stadium voor verwysing in die sorg van 'n man verkeer het wat misbruik van drank gemaak het, terwyl 38,5% van die kinders in die sorg van 'n vrou was wat drank misbruik het. Jonker (1963 : 68) bevind drankmisbruik by 48% van die gesinne van sorgbehoewende kinders wie se huislike agtergrond sy ondersoek het. Van Rooyen (1979 : 183) het bevind dat by 149 gesinne (74,5%) van die 200 gesinne van dogters in kinderswetskole wat ondersoek is, drankmisbruik van een of albei ouers 'n rol gespeel het by die begroning van die sorgbehoewendbevinding van die dogters.

In laasgenoemde ondersoek word drankmisbruik by ouers geïdentifiseer as die oorsaak van kommittering met die hoogste frekwensie van voorkoms (p. 212) en word die wansosialiseringseffek daarvan vir die kind soos volg geskets (p. 85). "Een of albei ouers begin 'n drankprobleem ontwikkel. Hierna volg die verwaarloosing van sedelike en sosiale standaarde sowel as dissipline in die huis, en toesig oor die kind bly in die slag. Weens swak of selfs geen ouerlike toesig, beland die kind in swak geselskap en dikwels vir die grootste gedeelte van sy vryetyd op straat. Eerlank verval die kind in wangedrag van een of ander aard wat hom onder die aandag van proefbeamptes bring, of selfs in botsing met die gereg laat beland."

3.4.3.2 *Die uitwerking op die beroep/arbeid*

Drankmisbruik moet noodwendig 'n nadelige invloed op die beroep- en werksituasie van die drinker hê. Al sou hy nie sy werk verloor nie, maak dit van hom 'n minder effektiewe en produktiewe werker. Dit is moeilik om 'n probleem soos oormatige drinkery, van 'n werkgever te verberg en as dit aan die lig kom, verloor die drinker gewoonlik sy werk (Van Zyl, 1969 : 147).

Todt (1971 : 30) wys daarop dat drank die kognitiewe funksies van die drinker afstomp, sy wil om te presteer laat afneem en sy prestasievermoë verswak. As die vader sy werk verloor of dikwels van werk verander, word die moeder verplig om buitenshuis te gaan werk. Sy is dan vir lang ure van die huis af weg; tyd wat sy aan die opvoeding van haar kinders kon bestee het.

3.4.3.3 *Die uitwerking op die gesinslewe*

Drankmisbruik raak die gesin in die eerste plek op die materiële vlak. Dit werk nie net beroepsonbestendigheid in die hand nie, maar bring ook verkwisting van die geldmiddele van die gesin mee. In die tweede plek kan drankmisbruik van die ouer(s) meebring dat die kinders op geestelike en maatskaplike gebied verwaarloos word. Dit werk ontwrigtend op die gesinsatmosfeer in en vertroebel die gesinsverhoudinge. Dikwels moet die kind hom skaam vir die afkeurenswaardige gedrag van sy ouers (soms in teenwoordigheid van sy maats) wat kan aanleiding gee tot 'n minderwaardigheidsgevoel by die kinders (Smith, 1973 : 55).

Drankmisbruik raak die gesinslewe veral op drie punte:

(a) *Ondermyning van ouerlike gesag.* Hier is dit veral die swak persoonsbeeld van die ouer wat sy gesag oor die kind ondermyn. Geen kind het respek vir 'n ouer wat dikwels besope is en as gevolg daarvan inkonsekwent optree in sy gesagsuitoefening nie. "Children of alcoholic families do not respect their parents' lack of love and guidance. Sometimes they follow the behaviour patterns displayed by alcoholic parents resulting in yet another generation of sick people." (Editorial : Fiat Lux, 1976 : 21).

(b) *Die voorbeeld van die ouer.* Die belangrikheid van 'n onberispelike voorbeeld vir die sosialisering van die kind is reeds vroeër in die hoofstuk benadruk (kyk par. 3.3.1.4). Dit is algemene kennis dat jong kinders hul ouers uitkies as identifikasiefigure. 'n Kind kan nie normaal identifiseer met 'n ouer wat hy dikwels in 'n besope toestand sien nie. Drankmisbruik versteur die harmonie in die huweliksverhouding van die ouers. Dit veroorsaak voortdurende rusies tussen die ouers wat die kind onveilig laat voel en by hom 'n skewe beeld van huweliksharmonie laat posvat. Drankmisbruik kan selfs lei tot onsedelikheid en misdadigheid by die ouers, wie se voorbeeld dan soortgelyke gedragsafwykings by die kinders tot gevolg kan hê.

(c) *Gebrekkige rolidentifikasie.* Die tipering van geslagsrolle kan so ver teruggevoer word as die blou en pienk klere en kombisies wat met seuntjies en dogtertjies onderskeidelik geassosieer word. Van baie klein af begin die kleuters geslagsrolle naboots, aanvanklik deur met die ouers te identifiseer en later met die onderwysers van kleuterskole (Joffe, 1971 : 467-8).

Block et al (1973 : 421) meen dat geslagsrolidentifikasie maar een van die aspekte van sosialisering is, maar tog 'n baie fundamentele aspek, en dat die identifikasie gewoonlik verband hou met die ouer wat die gesagsrol in die gesin beklee. "The sex-role typing of the child has been found to correspond to the sex of the dominant disciplinarian in the home, if that parent were also affectionate." (p. 422). As die vader dan die dominerende persoon is, soos dit by die meeste gesinne die geval is, en vaders maak hulle meer skuldig aan drankmisbruik (kyk par. 3.4.3.1, RGN-verslag S-30) as moeders, is die kans gunstig dat die kleuter met die vader sal identifiseer. Die gebruik van sterk drank kan dan deur die kind aan die manlike geslagsrol gekoppel word wat later in sy lewe tot groot ontnugtering en verwarring met betrekking tot die beeld van sy vader kan lei.

Nadat Strydom en Smith 'n aantal gedragsvorme van ouers van sorgbehoewende kinders wat die sosiopedagogiese vorming van die kind benadeel (waaronder ook kerkvervreemding en drankmisbruik soos hierbo bespreek) geïdentifiseer het in hul ondersoek, kom hulle tot die gevolgtrekking: "Wanneer 'n kind opgroei in 'n gesin waar sulke benadelings aangetref word, sal die kind se sosialisering

gebrekig of ontoereikend wees en sal hy nie in staat wees om sy rolle binne verhoudingsisteme bevredigend te vervul nie.” (Strydom en Smith, 1974 : 60).

3.4.4 Gebroke huise

Met gebroke huise word verwys na gesinsonvolledigheid. ’n Gesin word as onvolledig beskou wanneer die vader of die moeder nie meer saam met die kinders en die ander ouer in dieselfde huis woon nie. Die een ouer kan afwesig wees as gevolg van dood, egskeding, kwaadwillige verlating, langtermyn gevangenisstraf en so meer.

Wanneer die vader of moeder nie meer by die gesin is nie, kan die basiese gesinsfunksies nie meer op dieselfde basis geskied as wanneer albei ouers daar is om mekaar aan te vul en te onderskraag met betrekking tot die opvoeding van die kinders nie. Dit impliseer verder dat die noodsaaklike voorbeeld en identiteitsfiguur van óf die manlike óf die vroulike geslagsrol nie meer teenwoordig is in die ontwikkelingsgang van die kinders nie. As een ouer moet verdien én opvoed, kan die toesig oor die jong kinders ernstige skade ly.

Cronje et al (1976 : 279) wys daarop dat onvolledigheid van die gesin medeaanspreeklik kan wees daarvoor dat adolessente by jeugbendes aansluit. Gebrekkige toesig en dissipline en ’n begeerte om in breër groepsverband te beweeg kan hier as oorsake beskou word.

Gesinsonvolledigheid het ’n aansienlik hoër frekwensie by gesinne van sorgbehoewende kinders wat uit gesinsverband weggeen word. McLachlan et al (1959 : 40) het bevind dat uit 1002 gevalle van sorgbehoewende kinders ongeveer 48% van die kinders uit onvolledige huise gekommitteer was. Van die groep van 200 gesinne van sorgbehoewende dogters in kinderwetskole wat deur Van Rooyen (1979 : 76) ondersoek is, was 43% uit gebroke huise afkomstig.

3.4.4.1 Afwesigheid van die vader

Afwesigheid van die vader kan verwys na permanente afwesigheid(dood) of tydelike afwesigheid vir lang periodes, of ’n vader kan fisies by die gesin teenwoordig wees en weens onverskilligheid hom so min aan sy kinders steur dat

hy net so wel afwesig kon gewees het. Laasgenoemde staan bekend as vaderlike deprivasie.

Billar (1974 : 152) beweer dat 'n hegte positiewe verhouding in die opvoeding-situasie in die vroeë kinderjare baie noodsaaklik is vir die kognitiewe ontwikkeling, motivering en ander persoonlikheidseienskappe wat bydra tot akademiese en beroepsukses in die latere jare. 'n Positief-aflekkiewe rol in die opvoeding van die voorskoolse kinders blyk van groot waarde te wees met betrekking tot die ontwikkeling van deurstellingsvermoë, motivering tot prestasie en vasberade probleemoplossingsmoontlikhede – dit geld vir seuns en dogters. Vaderlike deprivasie word dikwels geïdentifiseer in die agtergrondsgeskiedenis van swak presteerders met gemiddelde of bo-gemiddelde intelligensie.

Dit is algemeen bekend dat as die vader as gesagsfiguur afwesig is tydens puberteit en vroeë adolessente jare, die kinders dikwels op hierdie stadium onbeheerbare gedrag openbaar.

3.4.4.2 Afwesigheid van die moeder

Dieselfde omskrywing van 'afwesigheid' van die vader wat hierbo gegee is, geld ook ten opsigte van die moeder. Die moeder is die sentrale figuur in die gesinsopvoeding. Sy is die een wat die baba in die wêreld bring en hom versorg en vertroetel vandat hy die eerste lewenslig aanskou.

Ausubel et al (1980 : 132) meen dat 'n dogter se eerste begrip van moederskap gebaseer is op die indrukke van haar eie moeder se optrede en gedragswyse en die mate van afflekkiewe belewenis wat sy in hierdie verband ondervind. Moederdeprivasie het in 'n sekere mate ook 'n invloed op die gehalte van moederlikheid wat die dogter in haar latere lewe bereid sal wees om te gee aan kinders wat van haar afhanklik sal wees. Hurlock het bevind dat die afwesigheid van die moeder baie nadeliger is vir die dogter as die afwesigheid van die vader. Dit versteur die homeostase van die familie-atmosfeer in 'n groter mate en het veral 'n invloed op die voorskoolse kinders. Tog affekteer dit die adolessent ook in die opsig dat hy ná skool 'n gedeelte van die moeder se pligte ten opsigte van die jonger kinders moet behartig (Hurlock, 1967 : 617 -18).

Rutter is van mening dat emosionele nood op 'n latere ouderdom die duidelikste na vore kom by kinders wat bemoedering moes ontbeer op die ouderdom van ses maande tot ongeveer vier jaar. By kinders jonger en ouer is die simptome minder intens. Die emosionele spanning wat ontstaan as gevolg van moeder-deprivasie het ook groter invloed op die seuntjie wat dit beleef het as op die dogtertjie (Rutter, 1972 : 30–40).

Die feit dat gebrekkige bemoedering so dikwels in die Westerse samelewing voorkom, moct gedeeltelik daaraan toegeskryf word dat daar nie genoegsame geleentheid geskep word vir die jongmeisie om die rol van moederskap, en al die verantwoordelikheid wat dit meebring, aan te leer en ten volle te begryp nie (Merton en Nisbet, 1976 : 385).

3.4.5 Kinderverwaarloosing

Smis (1976 : 1–3) gee 'n volledige beskrywing van verwaarloosing wat soos volg saamgevat kan word: Die verwaarloosing van kinders is die weerhouding van fisiese, psigiese en affektiewe entiteite deur omstandighede en gedragswyses van die ouers van die kind waarop hy in sy opvoedingsproses geregtig is. Kruger (1973 : 192) meen dat verwaarloosing die begrip "deprivasie" omvat, wat beteken om verstoke te wees van basiese voorregte; van minderbevoorreg te wees.

Daar is relatief min kinders wat tot die geleedere van die kinderwetskool toegelaat word wat nie een of ander vorm van verwaarloosing in hul opvoeding as jong kinders belewe het nie.

3.4.5.1 Fisiese verwaarloosing

Fisiese of materiële verwaarloosing impliseer dat die kind nie op voldoende wyse voorsien word van die nodige lewensmiddele om normaal liggaamlik op te groei nie. Dit het ook 'n invloed op die psigiese ontwikkeling van die kind omdat kinders wat fisies verwaarloos is later minderwaardigheidsgevoelens ontwikkel (Venter, 1972 : 3).

Gebrekkige voeding is nie so opvallend as gebrekkige kleding nie, maar kan tog ernstige gevolge hê vir die groei van die kind. Gebrek aan sekere voedingstowwe in die dieet, soos vitamines en mineraalsoute, kan lei tot gebrekkige liggaamsontwikkeling; maer en bleek voorkoms, knopknieë, gebrekkige liggaamsverhouding ens. Menige chroniese longkwaal of asmatiese toestand mag sy oorsprong hê in die ontoereikende kleding van die jong kind of ontoereikende beddegoed om die kind gedurende wintersnagte behoorlik warm te hou (Kruger, 1968 : 74).

Armoede is die voor-die-handliggende maar nie in alle gevalle die oorsaak van fisiese verwaarloosing nie. Kruger (1973 : 193) stel dit treffend: "Gewoonlik is die kind 'n toonbeeld van die redes waarom die ouers so swak daaraan toe is. Die inkomsetjie wat nog verkry word uit sporadiese popings om te werk, vind meestal sy weg deur die drankbottel of ander uitlaatklep. Die feit dat die kind materieel verwaarloos word, is maar net nog 'n verdere deel van 'n hele patetiese prentjie."

3.4.5.2 Pedagogiese verwaarloosing

Opvoedkundige verwaarloosing word dikwels geassosieer met arm gesinne, maar kan net so wel voorkom in gegoede gesinne. Dit verwys eerder na maatskaplike agterlikheid as na materiële agterlikheid. Verder impliseer dit 'n gebrek aan opvoedkundige stimuli soos die afwesigheid van goeie speelgoed, tydskrifte, goeie taalgebruik en intellektuele "oefening", swak maatskaplike verhoudings en morele waardes. Onverskilligheid en 'n gebrekkige ouer-kind-verhouding is verantwoordelik vir gebrekkige persoonlikheidsontwikkeling en opvoedkundige vorming van die kind (Kruger, 1973 : 195).

Opvoedkundige verwaarloosing kan ook omskrywe word as 'n gebrek aan definitiewe doelgerigte opvoedingsmaatreëls of opvoedingsbemoedienis binne die gesinskring. Die ouer stel nie bepaalde eise vir of norme aan die kind met betrekking tot gedrag nie. Die kind word ongebonde groot, leer nooit om leiding en gesag te aanvaar nie; die sosialisering is toevallig en nie planmatig en doelgerig nie. Die kinders word nie geleer om selfsugtigheid te onderdruk

en die belange en behoeftes van gesinsgenote in aanmerking te neem nie. Permissiwiteit is aan die orde van die dag en die kind smaak nooit die genot en bestendigheid van huisdissipline en selfdissipline nie (Sieberhagen, 1968 : 13).

Verskeie aspekte van pedagogiese verwaarlosing kan onderskei word:

(a) Psigologies-pedagogiese verwaarlosing. Hierdie vorm van verwaarlosing behels hoofsaaklik die affektiewe sy van opvoeding. 'n Warme, emosionele liefdevolle verhouding tussen die kind en die res van die gesinslede is noodsaaklik. Dit geld veral die moeder-kindverhouding in die kleinkinderjare. So 'n verhouding is absoluut noodsaaklik vir die normale persoonlikheidsontwikkeling van die kind. Kruger (1973 : 175) sê dat die fondament van die geestesgesondheid en die persoonlikheidsontwikkeling van die kind geleë is in hierdie innige verhouding met die moeder, maar ook met die vader en broertjies en sustertjies.

Psigologies-pedagogiese verwaarlosing kan ook in 'n heel ander vorm sy verskyning maak. Dit kom veral onder die hoër lae van die bevolking voor waar die ouers self baie waarde heg aan sosio-ekonomiese status. Die kind het materieel alles wat hy nodig het, maar dan word die kind gedryf om te presteer om die ouers se ambisieuse statusbewustheid te stimuleer. Die kind moet dikwels onder meedoënlose druk van die ouer presteer om sodoende in die ouer se prestasiebehoefte te voorsien en in die proses word die kind se eie behoeftes, vermoëns en ideale buite rekening gelaat.

(b) Sosiopedagogiese verwaarlosing. Sosiopedagogiese verwaarlosing verwys na gebrek in die kind se sosialisering met betrekking tot die uitbeweging na die breër sosiale sfeer buite die gesinskring. Dit hou verband (Pretorius, 1981 : 129) met die pedagogiese verhoudinge in gesinsverband (ouers en ouer persone in 'n opvoedende hoedanigheid) en die nie-pedagogiese verhoudinge (broers, susters, vriende en klasmaats). Die mate van affektiewe belewenis en toegeneentheid wat die kind in hierdie verhoudings ondervind, is bydraend-bepalend van sy latere verhoudings in die gemeenskap.

Volgens Nel (1960 : 34) hou sosiopedagogiese verwaarlosing ook verband met verhoudinge tussen adolessente en volwassenes buite gesinsverband. Wanneer

die kind begin uitbeweeg uit die gesinskring, moet hy nog in verbondenheid met volwassenes, gerig op volwassenheid, voort leef totdat hyself volwassenheid bereik anders ervaar hy sosiopedagogiese deprivasie.

Pringle (1965 : 80) meen dat kinders, wat gedurende adolessensie uit die gesinskring verwyder word en in inrigtings geplaas word, emosionele stabiliteit en sekuriteit kan behou as die ouer/kindverhouding voortgesit kan word met 'n volwassene buite gesinsverband. Kinders wat, nadat hulle die ouerhuis verlaat het, 'n gevoel van verwerping ondervind, ondervind ook aanpassingsprobleme in die inrigting terwyl dié adolessente wat gebalanseerde pedagogiese verhoudinge met volwassenes, wat vir hulle belangrik is, kan handhaaf, emosionele stabiliteit en 'n gevoel van geborgenheid in die inrigting belewe. Hiermee word die sosiopedagogiese verhoudinge tussen leerlinge en personeel van die kinderskool beklemtoon.

Pretorius (1981 : 138) meen dat liefdeloosheid in die sosiopedagogiese verhoudings van die kind hom later openbaar in verwerping en 'n arm gevoelslewe. Die kind wat gebrekkige liefdevolle verbondenheid met sy gesin belewe, ly affektief honger en bly affektief arm. Hy antwoord dikwels met 'n kruiperig-soekende houding; soekend na liefde, warmte, aandag en aanvaarding.

Die kind wat oorlaai word met liefde raak egosentries. Hy kweek nooit 'n gesonde realistiese instelling ten opsigte van sy plek in die samelewing buite die huiskring aan nie. Sy wêreld draai om homself en later ontvang hy stampe en stote in 'n koue saaklike buitewêreld (ontoereikende sosiaalmaatskaplike oriëntering).

(c) *Sedelike verwaarloosing.* Karaktervorming en verwerwing van norme as sedelike rigtinggewers is deel van die opvoeding van die kind. Dit behels die oordraging van sedelike waardes en norme (wat nie van dag tot dag verander kan word nie) van geslag tot geslag en vanaf ouer na kind. Sedelike opvoeding lei tot geestelike weerbaarheid wat weer vir die christen hoofsaaklik berus op die behoud van geloof, die etiese (sedelike) en die estetiese in die lewe (Meyer, 1967 : 35).

"Die woord 'etiek' lê nadruk op die innerlike gesteldheid van die mens, wat die oorsprong is van sedelike handeling en gedrag... Die sedelike staan altyd in noue verband met die innerlike wilslewe van 'n verantwoordelike persoonlikheid." (Coetzee, 1960 : 105).

Aangesien die sedelike lewe van die mens 'n wilshandeling is, beteken dit eerstens dat die ouer sy kind moet voorgaan met 'n korrekte voorbeeld en tweedens deur onderrig in hierdie verband. As dit nie gebeur nie, word die kind sedelik verwaarloos. Sedelike verwaarloosing het 'n hoë frekwensie in die voorgeskiedenis van sorgbehoewende kinders in kinderwetskole en staan in direkte verband met kerkvervreemding en drankmisbruik by die ouers (kyk par. 3.4.2 en 3.4.3).

3.4.6 Toenemende permissiwiteit

Permissiwiteit verwys na die steeds verslappende mate waarin ouers hul kinders kontroleer. Hurlock (1967 : 446) meen dat dit veral ter sprake kom gedurende die adolessente jare. Hier kan weinig sprake wees van reëls wat oortree word omdat daar weinig reëls is wat oortree kan word, en gevolglik straf die permissiewe ouer bloedweinig. Eerder word geglo dat die adolessent sal leer uit sy foute en dit gevolglik nie sal herhaal nie. Permissiewe ouers glo moontlik dat onnodige wrywing in die interpersoonlike verhoudings uitgeskakel kan word deur meer toegeeflik op te tree in die huis en in die skool. 'n Liberale siening wil dit hê dat te veel teregwysings die adolessent se selfbeeld skaad en sy selfstandigwordingsproses vertraag (Hurlock, 1967 : 446--7).

Permissiwiteit op seksuele gebied, wat gesien word as die aanvang van 'n algehele permissiewe lewenshouding, kan soos volg beskryf word: Seksuele permissiwiteit, (Cronje en Van der Walt, 1978 : 40) kom daarop neer dat norme vir die regulering van die geslagslewe grootliks opsy geskuif word en in uiterste gevalle glad nie meer erken word nie. Gesien in die lig van 'n lewenshouding as 'n omvattende stelsel van norme, waardes en gesag, ontstaan die vraag of seksuele permissiwiteit nie later die hele lewensopvatting van inense kan karakteriseer nie. Permissiwiteit word in die samelewing en veral onder die jeug gepropageer deur twee denkrigtings, naamlik liberalisme en kommunisme:

3.4.6.1 Invloed van die liberalisme

In die moderne samelewing word veral die jeugdiges voortdurend gekonfronteer, gekondisioneer en beïnvloed deur verderflike invloede van die liberalistiese denkrigting. Hierdie denkwysse wil wegkom van "outydse en verkrampste" idees en "moderne en verligte" idees aanhang. Kommunikasie-media dra hierdie moderne liberale kultuur en lewensbeskouing van 'n permissiewe samelewing tot binne die gesinskring, terwyl dit 'n toenemende aantal ouers beweeg om, onder die dekmantel van die vrye natuur van die mens, 'n laat-maar-gaan-houding teenoor hul kinders se doen en late in te neem (Pretorius, 1981 : 61).

Die liberalistiese "vernuwing" of verligte idees is nie net beperk tot ouerlike opvoeding nie. Bowers (1980 : 293) maak in sy ondersoek na liberalisme in die onderwys die stelling dat: "Public schools in North America are one of the primary carriers of technological consciousness and thus should not be viewed as conservative institutions. Technological consciousness represents the extreme formulation of the Enlightenment-liberal ideology." Suid-Afrikaanse skole is ook nie meer heeltemal vry van die sogenaamde verligte liberalistiese idees nie.

3.4.6.2 Die invloed van die kommunisme

Die sedelike, morele en maatskaplike verval in die Westerse samelewing van die afgelope aantal dekades moet toegeskryf word aan subtiele maar direkte bemoeienis van die kommunisme. Die permissiewe gemeenskap, die nuwe moraal met sy seksperversiteit, die slordigheid van drag en gedrag, die ledigheid, die skelmusiek, die onrusbarende toename in dwelminverslawing en die agitatie teen elke vorm van sensuur van die hedendaagse jeugdiges moet gewyt word aan subtiele kommunistiese ondergrawing van die geestelike weerbaarheid (Coetzee, 1972 : 5-6).

Kruger (1973 : 62) sê dat die patroon van die verval van die Westerse beskawing die lyne volg wat deur kommunistiese strategie uitgewerk is, naamlik "gee vir die jongmense dwelmmiddels; breek patriotisme en nasietrots af; skep seksuele losbandigheid en verwikling."

Pretorius (1981 : 173) sluit hom aan by die aangehaalde skrywers as hy beweer dat die jeugproblematiek van ons tyd geïntensifiseer word deur 'n kommunistiese aanslag op die gees en kultuur van die Westerse mens waarvan die jeug die hoofteken is, want, wie die jeug domineer, bepaal die toekoms. Die aanslag is in die vorm van 'n koue oorlog of kommunistiese infiltrasie van die Westerse kultuur – 'n geestelike aanslag wat die jeug sodanig moet aftakel en losmaak van hul geestelike en christelike ankers dat 'n militêre aanslag onnodig sal wees.

Die opvoeders in kinderskole ondervind die uitwerking van die belemmerende faktore soos in die voorafgaande paragrafe bespreek is, daagliks in hul omgang met die leerlinge. Daar mag egter nooit verslapping intree in hul pogings om die gevolge van die verkeerde invloede af te takel en om die leerling in sy totaliteit as mens op te voed en tot volwasseheid te begelei: fisiek, sosiaal, emosioneel, intellektueel en geestelik nie.

3.5 Faktore wat die sosialisering van die kind in die kinderskool strem ná kommittering

Daar is ook sekere faktore wat 'n nadelige invloed het op die opvoedingsaksie van die skool. Oor die algemeen is dit faktore waaroor die skool geen of weinig beheer het en wat slegs teëgewerk kan word sodra die kind oorreë kan word tot samewerking met, in plaas van ongegronde antagonisme teenoor die skool.

3.5.1 Weglopery

Weglopery uit kinderskole kom vry algemeen voor. Die duurt van die afwesigheid van die skool wissel van 'n paar uur tot 'n paar maande. Vir hierdie tydperk is die leerling dan nie beskikbaar vir skoolonderrig, sosialisering of enige aksie van opvoedkundige aard nie. As die kind vir 'n relatiewe lang periode afwesig is as gevolg van drossery, volg dit dat hy baie skoolonderrig misloop. As in ag geneem word dat die meeste leerlinge skolasties 'n agterstand opgebou het vóór toelating as gevolg van stokkiesdraaiery, dikwelse verwisseling van skole, lang periodes in plekke van veiligheid, drossery vanaf die ouerhuis ens., is die feit dat drossery vanaf die skool dikwels die finale oorsaak is dat die kind druipeel, heeltemal verstaanbaar.

Deur te dros vanaf die skool onderbreek die kind die terapeutiese program met betrekking tot hersosialisering. Gedurende die periode wat hulle van die skool af weg is, kom die meeste kinders maar weer in aanraking met die persone en omstandighede wat aanleiding gegee het tot hulle verwydering uit die gesinskring. Die opvoedingswerk wat by die skool gedoen is, word daardeur weer ongedaan gemaak en wanneer hy terugkeer na die skool moet in die meeste gevalle maar weer van meet af aan begin word met die terapie.

3.5.2 Aparte skole vir seuns en dogters

Alle kinderwetskole wat by die ondersoek betrek is, is skole vir een geslag leerlinge; dit wil sê skole wat slegs seuns of slegs dogters akkommodeer. Daarbenewens is die skole op verskillende dorpe dwarsoor die Republiek verspreid met in die meeste gevalle slegs een skool vir een geslag kinders op 'n dorp. Standerton in Transvaal is 'n uitsondering waar daar aparte kinderwetskole vir albei geslagte kinders is (kyk Bylae A op p. 200).

”Daar word beweer dat die feit dat in kinderwetskole die geslagte in afsonderlike skole opgevoed word, beteken dat die kinders nie behoorlik vir die lewe voorberei kan word nie omdat dit 'n onnatuurlike situasie is. Hierdie beswaar het meriete, hoewel toegegee moet word dat volkome ko-edukasie in kinderwetskole van kinders gedurende die puberteits- en adolessente jare ook probleme kan skep.” (Departement Nasionale Opvoeding: Professionele handleiding : 27).

Die feit dat vrye, natuurlike en spontane verkeer tussen seuns en dogters in kinderwetskole nie ten volle uitgeleef kan word nie en dat dit die sosiale ontwikkeling van die adolessent ten nadele beïnvloed, is geen twyfel nie. Marais (1980 : 1484) meen dat 'n gesonde Godgegewe seun/dogter-verhouding nie kunsmatig met sedepreke gevorm kan word nie, maar dat dit op natuurlike wyse moet ontplooi op 'n fondament waarin normatiewe beginsels soos gesag, dissipline, orde, vertroue, liefde en geloof die belangrikste boustone moet wees.

Uit gesprekke met verskeie hoofde van kinderwetskole het duidelik geblyk dat moete gedoen word om te kompenseer vir die gemis aan heteroseksuele onderlinge verkeer by die eenslagtige skole. Gemengde sportbyeenkomste word gereël waarheen skole soms groot afstande moet aflê. Skole op naburige dorpe se leerlinge 'kuier' oor en weer, veral gedurende vakansietye wanneer daar maar gereeld leerlinge by die skool agterbly wat weens ongunstige omstandighede nie huis toe kan gaan nie. Verdere kontak tussen die twee geslagte word bewerkstellig deur kerkbesoek, bywoning van funksies in die dorp as toeskouers, dienslewering by openbare funksies, optredes in die publiek en opvoedkundige uitstappies. A.C.S.V.-kampe en lidmaatskap van kerkjeugverenigings bied ook geleentheid vir heteroseksuele verkeer.

3.5.3 Die rookgewoonte

Die meerderheid leerlinge wat tot kinderwetskole toegelaat word, is reeds gewoontesokers en baie leer die gewoonte aan onder druk van maats wat reeds rokers is. By seunskole word die seuns onder sekere voorwaardes toegelaat om te rook, byvoorbeeld in spesifieke rookkamers. By dogterskole word rook deur die reëls van die skool verbied, maar vanselfsprekend beteken dit nie die einde van die rokery nie. Die feit dat rook verbied word, gee aanleiding tot anti-sosiale gedrag deurdat die leerling leer om "skelm" te reageer. Sy moet gedurig waak dat sy nie "gevang" word nie; sy voer 'n voortdurende stryd om rookgoed te bekom, uit die aard van die saak op "onwettige" wyse, en boonop moet sy "bergplekke" vind wat nie "ontdek" sal word nie.

Die feit dat rook verbied word, kan selfs lei tot versterking soos Eckert (1983 : 439) in sy ondersoek in Amerikaanse hoërskole bevind het: "Because smoking-related behavior function as a key social symbol, anti-smoking campaigns that are based on an inaccurate understanding of the social context in which smoking occurs, can reinforce this behavior."

3.5.4 Seksualiteit

Seksualiteit is 'n prominente behoefte by enige jeugdige (adolescent) maar miskien meer prominent by die jeugdige in die kinderwetskool. As gevolg van

steeds toenemende permissiwiteit in die moderne samelewing en onvoldoende toesig tuis, het baie leerlinge alreeds intieme seksuele ondervinding met die teenoorgestelde geslag gehad voordat hulle tot die skool toegelaat is (kyk ook par. 3.4.6 en 3.4.3.4). Pretorius (1981 : 175) noem ook die feit dat die jeugdige hom vandag in 'n samelewing bevind wat 'n seksuele rewolusie ondergaan, en wat gekenmerk word deur sedelike ontaarding en verval in 'n massale sekskultus met 'n naak-kultuur, as bydraende faktor tot hierdie toestand onder jeugdiges.

Seksualiteit by kinders in die kinderwetskool is 'n probleem waarvan die opvoeders deeglik kennis moet neem en wat wetenskaplik benader moet word deur skoolsielkundiges en onderwysers ten einde die desosialiserende invloed daarvan teen te werk.

3.5.5 Homoseksualiteit

Homoseksualiteit is 'n ander probleem wat kop uitsteek by kinderwetskole en veral by dogterskole. Weens die intieme aard van die probleem kom baie min werklike feite aan die lig en is wat hier gesê word voortspruitend uit dertien jaar se ondervinding van die ondersoeker as onderwyser by dogterskole.

Die verskynsel wat by dogterskole ondervind word, kan sekerlik nie as lesbïenisme geklassifiseer word nie, maar eerder as "lesbiese neigings" onder die dogters. Dit kom feitlik in enige gemeenskap voor waar 'n aantal persone van dieselfde geslag vir relatief lang periodes afgesonderd werk en woon. Onlangs het aan die lig gekom dat lesbiese verhoudings onder vroulike skofwerkers op Vanderbijlpark alledaags geword het (Botha, 1984 : 3).

Die meeste dogters wat hulle aan die sogenaamde "lesbiese dade" skuldig maak, knoop egter normale verhoudings met seuns aan sodra hulle weer met seuns in aanraking kom.

Die bedryf van verhoudings van hierdie aard werk egter demoraliserend op die ontwikkeling van die dogter in en lei meestal tot skuldgevoelens en selfveragting wat dan weer verwerk moet word.

3.5.6 Vroeë huwelike

Vroeë huwelike is nog 'n probleem wat tot dogterskole beperk is. As gevolg van 'n klaarblyklike leemte in die Kinderwet is dit vir 'n dogter moontlik om, met haar ouers se goedkeuring, in die huwelik te tree sonder dat sy onthef is van die bepalings van die hofbevel waarvolgens sy gekommitteer is.

Menige hoof van 'n kinderwetskool het al na 'n vakansie bloot 'n telegram ontvang om hom in kennis te stel dat 'n bepaalde dogter van sy skool in die huwelik bevestig is en dus nie meer die skool sal bywoon nie. Al wat hom dan te doen staan, is om maar net die dogter se naam van die rol te skrap, welwetende dat die skool se taak ten opsigte van die dogter halfvoltooid beëindig is.

3.6 Samevatting

Sosialisering is die proses waardeur die individue leer om gebalanseerde lede van die sosiale groep waarin hul beweeg, te word. Dit begin net na geboorte en gaan voort vir die volle lewensduurte.

Die betekenis van die Christelike huisgesin as kerneenheid van die samelewing kan moeilik oorskat word. Die funksies van die gesin met betrekking tot die sosialisering van die kind is essensieel aan alle sosialiseringssake en opvoedingsfunksies van die skool, die kerk en die breër samelewing. As hierdie funksies in die gesin skade ly, kom die langtermyn skadelike gevolge daarvan in die latere lewe van die kind duidelik na vore.

Hoewel waardes en norme in die moderne samelewing voortdurend aan verandering onderworpe is, is 'n waarde- en normsisteem uiters noodsaaklik in die ontwikkelingsgang van die volwassewordende opvoeding omdat dit as rigtinggewers dien om sy gedrag te bepaal en as boustene vir sy latere vorming van 'n lewensbeskouing wat sy gedrag as volwassene sal rig.

Daar is verskeie leemtes in die gesinne en gedragstendense by die ouers van sorgbehoewende kinders wat voor kommittering manifesteer en later die sosialisering van die kind in die kinderwetskool nadelig beïnvloed. Dit is faktore

soos die disintegrering van die hegte gesinslewe, kerkvervreemding, drankmisbruik van die ouers, gebroke huisgesinne, kinderverwaarloosing en toenemende permissiwiteit in die gemeenskap onder liberalistiese en kommunistiese invloed.

Na die kinders tot die skool toegelaat is, werk faktore soos weglopery, die rookgewoonte, aparte skole vir die geslagte, seksualiteit, homoseksualiteit en vroeg huwelike by dogters, belemmerend in op die hersosialisering van die leerlinge en die terapeutiese program van die skool in die algemeen.

In hoofstuk vier sal 'n beskrywing van adolessensie as lewensfase tussen kindwees en volwassenheid gegee word. Enkele behoeftes van die adolessent, met spesiale verwysing na die pedagogies verwaarloosde adolessent in die kinderskool, sal bespreek word.